

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 13, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2014 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur

Hou vas aan die waarheid!

Aan al ons Wêreld van Môre-intekenaars: Wees hartlik gegroet! Ons Hoofredakteur, dr. Roderick C. Meredith, het my gevra om hierdie “persoonlike” boodskap te skryf terwyl hy besig is met ander projekte en ook om voor te berei vir 'n paar reise wat voorlê. Ten spyte daarvan dat hy in Junie van hierdie jaar 83 jaar oud word, gaan dr. Meredith voort teen 'n tempo wat vir baie jonger manne 'n uitdaging sal wees. Ek word voortdurend geïnspireer en aangemoedig deur sy voorbeeld om “voluit te gaan” om die Werk van God te doen. Hy besef dat dit nie oor homself gaan nie. Hy hou daarvan om die *Wêreld van Môre* se personeel aan te moedig met die woorde van die apostel Paulus: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korinthiërs 11:1). Jesus Christus het Sy lewe daaraan gewy om die ware evangelie boodskap wat God die Vader aan Hom gegee het te verkondig en dit is wat dr. Meredith – en almal van ons by die Wêreld van Môre – nastreef.

Soos sommige van u weet, het dr. Meredith in Joplin, Missouri grootgeword. Hy het eerstehandse kennis van die Groot Depressie-era in die Verenigde State gesien wat gevolg is deur die groot oplewing in die nasionale eenheid wat bevorder is deur die Tweede Wêreldoorlog. Hy onthou 'n Amerika waarin, ten spyte van die geweldige godsdienstige verwarring, feitlik almal

saamgestem het oor die belangrikheid van “Bybelse waardes”. Baie van u wat hierdie tydskrif lees sal seker onthou dat dit tot onlangs was dat die Tien Gebooue deur ons samelewing aanvaar is as 'n standaard van betaamlike gedrag. Ontug en owerspel is beskou as 'n skande. 'n Man wat 'n ander man se vrou begeer het, of 'n vrou wat 'n ander vrou se man begeer het, se gedrag is beskou as skandelik en die beskaafde gemeenskap het neergesien op sodanige gedrag.

Standaard word verwerp

Vandag verwerp miljoene Amerikaners egter hierdie eeue-oue standaard. Kyk na hierdie verslag deur die skrywer Ben Wolfgang van die *Washington Times*:

“Volgens 'n nuwe Gallup peiling wat Maandag vrygestel is het meer as 50% Amerikaners vir die derde keer in die afgelope jaar gesê dat hulle ten gunste is van dieselfde-geslag huwelike.

Hierdie getal toon 'n merkwaardige verandering in die openbare gesindheid oor die afgelope twee dekades. In 1996 het net 27% Amerikaners gesê hulle is ten gunste van dieselfde-geslag huwelike. Selfs net drie jaar gelede, was die getal volgens die opname maar 44%.

Die laaste drie meningspeilings in Mei 2011, November 2011 en Mei 2013 se vrystelling het die getal op 53% te staan gebring wat 'n nuwe rekord-hoogte is.

Die verandering is hoofsaaklik beïnvloed deur jong mense. Mei 2013 se opname toon dat 70% van die 18 tot 29-jariges ten gunste is van dieselfde-geslag huwelike. In 1996 was dit net 41% en in 2010 slegs 52% ("*Support for same-sex marriage now firmly above 50 percent, poll says*", 13 Mei 2013).

Gallup berig dat hoewel die meerderheid Amerikaners nou ten gunste van dieselfde-geslag huwelike is, aanvaar 'n nog groter meerderheid dat die meeste Amerikaners nog steeds daarteen gekant is.

"Met die dat hulle gevra is oor hulle indruk van hoe die meeste Amerikaners oor die kwessie voel, het 63% gesê die publiek is gekant teen dieselfde-geslag huwelike en 30% het gesê die publiek is ten gunste daarvan. Hierdie inligting dui daarop dat 'n groep van die Amerikaners wat dieselfde-geslag huwelike voorstaan, glo dat hulle menings in die minderheid is, terwyl hulle in werklikheid in die meerderheid is ("*Same-*

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik –

Hou vas aan die waarheid!

Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Wat is verkeerd met

dieselfde-geslag huwelike? 3

Waar kom die druk vir dieselfde-geslag huwelike vandaan en watter uitwerking sal dit op die samelewing hê? Moet uself nie laat mislei nie!

Die Prins 8

Vyfhonderd jaar gelede het 'n Renaissance-skrywer 'n voorskrif vir effektiewe regering gegee. Watter lesse, goed of sleg, kan ons daaruit leer?

Margaret Thatcher, haar lewe en nalatenskap 12

U glorieryke

bestemming na die dood 14

Wanneer u die lewe se teleurstellings in die gesig staar, moet u nooit die wonderlike toekoms vergeet wat God beplan het vir getroue en gehoorsame Christene wie volhard tot die einde toe nie!

Die "Tien persent" mite 20

Gebruik u die volle potensiaal van u brein? Maak u die meeste van die breinkrag wat God aan u gegee het?

Die Werke van Sy hande 21

Ons wiskundige heelal

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Wat is verkeerd met dieselfde-geslag huwelike?

Deur Roderick C. Meredith

In 'n skaamtelose poging om die menslike ras te vernietig, het Satan die duiwel miljoene mense beïnvloed om die idee van mans wat met mans "trou" en vroue wat met vroue "trou" te aanvaar!

Intelligente mense word mislei deur slim argumente en taktiek wat hulle laat dink dat hierdie eens ongehoorde praktyk 'n "burgerlike reg" behoort te wees.

Ons wêreld is vinnig besig om te verander! Dit is ongelooflik om te sien hoe vinnig so baie mense 'n nuwe lewenswyse, wat vir eeue lank ondenkbaar was, begin aanvaar het. Selfs so onlangs as 40 jaar gelede in 1973, het die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging nog steeds die praktyk van homoseksualiteit as 'n "geestelike versteuring" beskou. Dit is nie iets uit die verre donker eeue nie. Hierdie is moderne mans en vroue van wie baie vandag nog leef. Nogtans het hulle toegekyk hoe die APV swig voor die druk van homoseksuele aktiviste en hoe hulle amptelik homoseksuele praktyke as "normaal" verklaar.

'n Mens wonder of hierdie sielkundiges begin begryp wat Jesus Christus bedoel het toe Hy die liste van Satan die duiwel beskryf het? Jesus beskryf Satan só: "Wanneer hy leuentaalaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n **leuenaar** is en die vader daarvan" (Johannes 8:44). Satan wil hê dat die mens 'n leuen moet glo!

Daar is baie dokumentasie oor Amerika se onbesonne opmars na 'n nuwe lewenswyse, verwyderd van God se Woord.

Die navorser David Kupelian sit die verandering só uiteen:

"Inderdaad, in vyftig jaar het ons gevorder van 'n nasie wat verenig was deur tradisionele Judeo-Christelike waardes na een waarin daardie selfde waardes meer en meer verag, verwerp en as duiwels afgemaak word.

Wat gaan aan? Is die hedendaagse Amerikaners inherent sedelik meer verward en onsedeliker as vorige geslagte?

Natuurlik nie. Ons word op groot skaal 'n rat voor die oë gedraai deur van die vermetelste en mees briljantste bemerkingsveldtogte in die moderne geskiedenis.

Die eenvoudige waarheid is dat binne die bestek van ons leeftyd, baie dinge wat die Amerikaners nog altyd verafsku het, nou verpak, gegeur, mooi toegedraai en aan ons verkoop word asof van groot waarde. Deur vernuftig te speel op ons diepste gevoel

van nasionale waardes van eerlikheid, vrygewigheid en verdraagsaamheid, het hierdie bemerkers ons oorreed om alles wat die vorige geslagte sedert Amerika se stigting as uiters selfvernietigend en as boos beskou het, nou te aanvaar as verlig en edel" (*The Marketing of Evil*, bl. 11-12).

Hierdie transformasie het nie net toevallig of spontaan plaasgevind nie. Dit is deur diegene beplan wat die samelewing radikaal wou verander. Kupelian beskryf een van die talle openbare demonstrasies wat beplan is om die publiek se aandag te trek en simpatie vir hulle saak te werf:

"Een berugte voorval was die aanval op New York se beroemde katedraal van St. Patrick op 10 Desember 1989. Terwyl kardinaal John O'Connor die 10:15 Sondagoggend Mis gelei het, het 'n klomp 'voorstaanders' en 'gay-regte'-aktiviste verwoed buite geprotesteer. Party van hulle, geklee in

goudkleurige togas soortgelyk aan kerklike drag, het 'n pornografies-gewysigde vooraansig portret van 'n naakte Jesus opge-hys.

Een van die betogers het geskreeu: 'Jou skynheilige O'Connor, jy maak ons dood!' terwyl plakkate [van die aktiviste] die aartsbiskop 'Moordenaar' genoem het!

Dit het toe *regtig lelik geraak*. Talle betogers het die kerk binnegekom en dit het uitgeloopt op wat baie van die gemeentede in die volgepakte gebou beskryf het as 'n 'nagmerrie'.

Die *New York Post* het berig: "Die radikale homoseksuele het 'n viering van die Heilige Nagmaal verander in 'n gillende gebabbel van ontheiliging deur tussen die banke te staan, te skree en hulle vuiste te swaai terwyl hulle kondome in die lug gegooi het. Een van die betogers het 'n gewyde wafelkoek gegryp en dit op die grond gegooi.

Buite het betogers, baie van hulle lede van die *ACT-UP*, plakkate gedra wat hulle gevoel teenoor die Rooms-Katolieke Kerk opgesom het: 'Hou jou kerk uit my lendene'. 'Hou jou

rosekrans van my eierstokke af'. 'Die ewige lewe NOU vir kardinaal John O'Connor!' 'Beteuel jou dogma'" (*ibid.*, bl. 22-23).

Nog 'n belangrike dokument om ons te help om hierdie transformasie te verstaan, is 'n boek wat in 1990 deur twee Harvard-opgeleide aktiviste geskryf is. Hulle het 'n openbare veldtog geloods om die "gay-regte"-beweging te bevorder. Hulle boek is getiteld: *After the Ball: How America Will Conquer Its Fear and Hatred of Gays in the '90s*. Kupelian verduidelik:

"Die deurslaggewende faktor van Kirk en Madsen se meesterplan? 'Die veldtog wat ons in hierdie boek omskryf, hoewel ingewikkeld, hang hoofsaaklik af van 'n program van onbeskaamde propaganda, stewig gegrond in lank-gevestigde beginsels van sielkunde en reklame'...

Eenvoudig gestel: Homoseksuele aktiviste noem hulle beweging 'gay-regte'. Dit bereik twee belangrike doelwitte: (1) Die gebruik van die woord *gay* eerder as homoseksueel verbloem die omstrede seksuele gedrag wat betrokke is en beklemtoon eerder 'n vae, maar positief-klinkende kulturele identiteit – *gay*, wat tog voorheen 'gelukkig' beteken het

en (2) deur hulle stryd van die begin af te beskryf as een wat handel oor 'regte', wat impliseer dat homoseksuele persone die basiese vryhede van burgerskap wat ander geniet, ontnem word" (*ibid.*, bl. 24).

Satan se slim leuen

Satan die duiwel gebruik dikwels menslike instrumente om sy doel te bereik – dikwels baie geleerde en *slim* menslike instrumente. Satan die "opperste bedrieër" wil *resultate* hê. Hy weet dat mense empatie het met 'n onderdrukte slagoffer, want dit laat hulle beter voel oor hulleself. Hy vestig dus mense se aandag op die idee dat *gay* mans en vroue "so gebore is" en dit glo nie kan verhelp nie.

Een fokuspunt van sy aanval behels die idee van 'n "gay"-geen – 'n deel van die oorgeërfde samestelling van 'n mens wat veronderstel is om as homoseksueel gebore te wees. Betroubare wetenskap wat geen verband het met die "gay-agenda" nie, het egter getoon dat die bestaan van hierdie geen 'n **mite** is. In sy tegniese verhandeling: *Male homosexuality: Absence of linkage to microsatellite markers at Xq28*, gepubliseer in die gerespekteerde tydskrif *Science*, het kliniese neuroloog, George Rice en sy mede-navorsers **bevestig** dat geen bewys gevind kon word vir die verband tussen die veronderstelde "gay-geen" en 'n neiging tot homoseksuele

oriëntasie nie. Nadat dr. Dean Hamer gedwing is om op die vraag te antwoord, het die voormalige “gay-geen” advokaat, wie se aktivisme 20 jaar gelede heel eerste hierdie idee gepropageer het, toegee dat: “Daar is nie 'n enkele meester-geen wat mense gay maak nie ... Ek dink nie ons sal ooit kan voorspel wie gay gaan wees nie” (*Science of Desire, Salt Lake Tribune*, 28 April 1995).

Die idee van 'n “gay-geen” – wat beslis die hele tyd beïnvloed en gelei word deur Satan die duiwel – word steeds deur die homoseksuele aktiviste gebruik om liggelowige mense te oortuig dat hulle behoort te glo homoseksuele persone kan “hulleself nie help nie”. Uit ervaring weet ons dat mense 'n *neiging* tot alkoholisme mag hê as gevolg van die oorgeërfde samestelling van hulle familie, net soos die *neiging* om vet of maer te wees, of 'n *neiging* om 'n geweldige humeur te hê, ens. **Indien** u die Woord van God se duidelike stellings glo, sal u weet dat daar absoluut **geen manier** is dat die God van die Bybel sal toelaat dat **enigiemand op enige tyd** so “gebore” sal word en so verplig sal wees om sonde te doen nie – sodat hy teen God se duidelike voorskrifte móet optree nie! Die Almagtige God het die apostel Paulus geïnspireer om te skryf: “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms

gee, sodat julle dit sal kan verdra” (1 Korinthiërs 10:13).

God sal **nooit** iemand *dwing* om te sondig nie. Dit behoort baie duidelik te wees uit hierdie en soortgelyke verse wat dieselfde sê. Dit is nie net 'n paar woorde uit die Skrif wat so sê nie, daar is nog 'n paar dapper leiers in die gemeenskap wat onthou wat ons almal slegs 'n paar dekades gelede geweet het.

Waarom die verandering?

Vir party aktiviste is dit eenvoudig: Hulle begeerte om “persoonlike bevrediging”, ongeag die **verskriklike uitwerking** wat dit moontlik op die gemeenskap kan hê, is al wat saak maak. Om duisende jare se tradisie of siviele wette wat lank reeds bestaan te verander is vir hulle van geen belang nie. Al het elkeen van hierdie aktiviste 'n ma en 'n pa gehad, wil hulle 'n samelewing sien waar die biologiese werklikheid plek maak vir die “politie korrekte” afdwinging van “twee mammas” of “twee pappas” in huishoudings wat daardie leefstyl verkies.

Wie dink aan die verskriklike gesondheidsgevolge? Navorsing het getoon dat – selfs afgesien van die verskriklike lyding van VIGS – mans wat seks met mans bedryf, 'n **dramaties** korter lewensverwachting as ander mans het. Die hoër selfmoordsyfer onder homoseksuele mans dra hiertoe by, asook ander siektes wat verband hou met sindelikeid. Sommige selfmoordsyfers be-

hels alkohol- en dwelmmisbruik wat so 'n algemene deel van die “gay-leefstyl” is.

Die aktivis het die toneel verlaat en die massa-media huiwer nie om die baie werklike en kommerwekkende gevolge van rook uit te wys wat 'n roker se leeftyd met 'n dekade kan verkort nie. Hulle is egter stil – keur dit selfs goed – wat baie dokters geëien het as 'n leefstyl wat 'n man se lewe met 20 jaar of meer kan verkort!

Uiteindelik maak dit nie saak wat die media sê, of wat gesondheidsamptenare bevind nie. Die “sleutelfaktor” waarna ons werklik bereid moet wees om na te luister is: Wat sê die Almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, oor hierdie idee van dieselfde-geslag “huwelike”?

Wat God sê

Die Almagtige God het antieke Israel beveel: “Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n **gruwel**” (Levitikus 18:22). In die Nuwe Testament het God die apostel Paulus geïnspireer om te beskryf hoe die “groot denkers” van sy tyd eintlik gesien word in die oë van die Almagtige God: “Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle **dwaas** geword” (Romeine 1:22). Paulus gaan voort: “Daarom het God hulle oorgegee aan **skandelijke hartstogte**, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die

natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne **skandelikheid** bedrywe en in hulleself die noodwendige **vergelding** van hulle dwaling ontvang” (verse 26-27).

Is Paulus se woorde **moeilik om te verstaan**? Dit lyk of selfs baie belydende Christelike predikante dit moeilik vind om te erken dat God hierdie soort gedrag **ten sterkste veroordeel**. Hoekom sal iemand graag gedrag wil bevorder wat die Almagtige God Self 'n **gruwel** noem?

Almal van u wat werklik die Bybel *bestudeer* weet dat dit baie direkte opdragte en voorbeelde bevat wat duidelik aandui dat ons Skepper die huwelik bestem het om 'n verbintenis te wees tussen een man en een vrou. God het nie “Adam en Adam” geskape nie! Hy het Adam en Eva geskape. Jesus Christus Self het baie duidelik gesê: “Het julle nie gelees dat Hy wat *hulle* gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees” (Mattheüs 19:4-5).

Die apostel Paulus is geïnspireer om aan ons te sê dat die voorgenome verhouding tussen 'n man en sy vrou die verhouding tussen Christus en die Kerk versinnebeeld. Paulus skryf: “Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof

van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het” (Efesiërs 5:22-25). Die apostel Paulus gee geïnspireerde voorskrifte aan die weduwees en skryf: “Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie” (1 Timoteus 5:14). **Dit** is God se bepaalde doel vir die huwelik.

Paulus is geïnspireer om te skryf: “Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus... Want 'n man moet die hoof nie bedek nie, omdat hy die beeld en heerlijkheid van God is; maar die vrou is die heerlijkheid van die man. Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man. Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man” (1 Korinthiërs 11:3, 7-9).

Mans behoort te verstaan dat die ewige God ons vroulike maats geskape het om die pragtige metgeselle en helpers van ons manne te wees. Hiervoor behoort ons almal *baie dankbaar* te wees! Wanneer ek na 'n dag se werk my huis binnestap, is ek *dankbaar* dat ek 'n pragtige kameraad het wat my

met 'n baie liefdevolle omhelsing groet. Ek is *dankbaar* vir haar vroulike skoonheid, haar sagte vel en die reuk van haar hare. Vir my kan geen ander man ooit hierdie rol vervul nie – nog minder as wat 'n muil of 'n kangaroo dit kan doen! Ek is **diep dankbaar** vir God se gawe van die man-vrou verbintenis!

God die Skepper sê aan die mans: “Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug – die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees” (Spreuke 5:18-19). God verheug Hom in die natuurlike liefde tussen 'n jong man en sy vrou in die huwelik. **Hy** is tog die Outeur van die huwelik – **nie** enige man of die howe van mense nie! God het aan die Israeliete gesê dat Hy hulle offers om een rede nie sal aanneem nie: En julle vra: Waarom? “Omdat die **HERE** getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou **verbond**. Het Hy dan nie een *mens* gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n **geslag van God** gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie” (Maleagi 2:14-15).

Die verbond van die huwelik

Die “verbond” van die huwelik is deur ons Skepper ingestel om 'n “goddelike nageslag” voort te bring! Hoe

kan 'n verbintenis wat deur mans wat die Bybel verwerp het, 'n "goddelike nageslag" tot gevolg hê? Hoe kan hierdie onbybelse gebruik van die menslike liggaam, verstand en persoonlikheid ooit welgevallig wees voor die Skepper-God wat aan ons lewe en asem skenk?

'n Paar jaar gelede het ek en my gesin my moeder in Joplin, Missouri besoek. Aangesien my kerk in daardie dae geen plaaslike gemeente in Joplin gehad het nie, het ek ons hele gesin in die stasiewa gelaai en na Springfield gery om daar dienste by te woon. Omdat my ouma wat 'n Methodis was, my graag wou hoor preek, het ons haar sowel as my dogter Elizabeth, saamgeneem. Hoewel die idee op daardie oomblik nog nie by my opgekom het nie, het ons plaaslike leraar in Springfield, toe hy my vir die preek bekendstel, ewe bedagsaam opgemerk: "Broers en susters, ons het vandag vier *geslagte* Merediths saam met ons! Mnr. Meredith het vandag sy moeder en sy ouma en sy dogter Elizabeth saam met hom gebring".

Deur die dekades heen het my pa se ouers, my eie ouers, verskeie ooms en tantes almal melding gemaak van die betekenisvolle **ooreenkoms** tussen elkeen van ons: "Jy lyk net soos jou ma" of, "Jy het hierdie eienskap net soos oom John". Ons het gedeelde herinneringe van hoe my "oupa Meredith" sy jong vrou, Elizabeth Cunningham Meredith, in 'n tentwa na Oklahoma gebring

het, voordat Oklahoma as 'n staat erken is. Dit het toe nog bekend gestaan as Indiaanse gebied. Ek sal altyd die vreugdevolle familie-byeenkomste met ooms, tantes, neefs en niggies onthou – sowel as ons ouers en grootouers – wat *liefdevol* baie stories oor ons gemeenskaplike erfenis *vertel* het. Elkeen van ons was die dankbare produk van die verbintenis tussen 'n moeder en 'n vader. Ons het seëninge ervaar wat God begeer vir al die gesinne en families wat Sy geïnspireerde patroon van familie en gesinslewe volg!

Die gesin is die sleutel!

My vriende, ons Skepper word self "Onse **Vader** wat in die hemele is" genoem (Mattheüs 6:9). Hy het ons na Sy beeld geskape. Hy is van voorneme om 'n *gesin* te bou deur Sy Geesverwekte kinders, deur ons te "verwek" met 'n deel van Sy *Goddelike* natuur deur middel van die Heilige Gees (2 Petrus 1:3-4). God se voorneme is dat die menslike gesin 'n "tipe" van Sy Goddelike gesin moet wees, met die liefdevolle vader as die hoof van gehoorsame kinders wat 'n *gemeenskaplike erfenis* deel – want hulle spruit direk uit die "saad" van God die Vader (1 Johannes 3:9). Op hierdie wyse, as ons eers ten volle "uit God gebore" is, sal ons die werklike aard van God weerspieël op 'n manier wat slegs moontlik is as ons hierdie *gemeenskaplike erfenis* deel.

Wanneer die gesinstruktuur wat deur God ingestel en deur

Hom ontwerp is en wat die mensdom vir *duisende jare gedien het*, vernietig word – sal die gehalte van die nasies, stede en gesinne **nooit weer** dieselfde wees nie! Ons vra dat God ons *almal* help om **wakker te word!** Mag God ons *almal* help om "uit te roep" dat Christus se Koninkryk **gou** moet kom. Dit is die **enigste** ware en permanente oplossing. Dit is die enigste krag om Satan se leuens te weerstaan, namate hy al hoe meer mense beïnvloed om "dieselfde-geslag huwelike" te aanvaar. Indien ons dit nie weerstaan nie, kan ons verwag om nie net veelwywery te sien nie, maar ook veelmannery en "groeps-huwelike", wat alreeds deur sommige mense bespreek word, asook baie ander nuwe planne sal ook na vore kom om dit wat God beoog het te vervang.

Verstaan asseblief! Niemand hoef "vasgevang" te voel in homoseksualiteit nie, of bang te wees dat dieselfde-geslag huwelike die beste vir hulle mag wees nie. Hoewel homoseksuele aktiviste "terapie om te herstel" as omstrede beskou en sommige behandelings meer effektief kan wees as ander, is daar **baie** voorbeelde van gelukkige mans en vrouens wat die "gay"-lewenis laat vaar het, wat **ontslae geraak het** van hulle vroeëre aangetrokkenheid tot dieselfde geslag en nou getroud is met 'n liefdevolle eggenoot van die **teenorgestelde geslag!** Sommige mense het hulp gevind by wêreldse terapeute soos dié wat

Vervolg op bladsy 11

Die Prins

Deur Dexter B. Wakefield

Glo u dat “die geskiedenis geskryf is deur die oorwinnaars”? Voel u “die doel heilig die middele”? Indien u saamstem, is u dit verskuldig aan 'n berugte filosoof wat vyf honderd jaar gelede geleef het.

In 2013 is die 500ste herdenking van 'n bekende klein boekie, *The Prince*, geskryf deur 'n Europese edelman, Niccolo Machiavelli, gevier. Daardie boek wat hy in 1513 geskryf het (maar wat eers na sy dood gepubliseer is), is een van die bekendste en invloedrykste boeke oor die politiek wat nog ooit geskryf is. Dit het selfs die naam “Machiavellies” gegee aan die sedelose praktyke wat dit voorstaan – soos om te konkel en te bedrieg vir die verkryging en behoud van mag.

Machiavelli het geleef van 1469-1527 tydens 'n onstuimige tyd in die Italiaanse geskiedenis. Sy familie was eeue lank ryk en invloedryk, maar sy pa, hoewel hy geleerd was, was insolvent en het gesukkel om 'n bestaan te maak. Machiavelli het vir 'n groot gedeelte van sy lewe gesoek na die rykdom en mag wat by sy pa ontbreek het.

Tydens Machiavelli se lewe was Italië verdeeld en die groot adellike families was in 'n doolhof van bakleiery vir beheer, beide teen mekaar asook teen buitelandse magte. Om in Florence – 'n stad wat as 'n aparte republiek bestaan het – vir of teen byvoorbeeld die Medici-familie of 'n bepaalde pous te wees, kon óf 'n hoë pos óf tronkstraf beteken het. Machiavelli het beide ervaar. Hierdie magte het die wêreld se siening

van hierdie talentvolle, maar sedelose diplomaat, administrateur en politieke filosoof gevorm.

Vandag kan 'n verkeerde besluit in jou loopbaan jou dwing om van werk te verander: Vir Machiavelli in Florence kon dit tronkstraf of die dood beteken. Hierdie vyandige omgewing word weerspieël in die siniese uitkyk wat Machiavelli bewoerd in *The Prince*: Dat 'n heerser gelei behoort te word deur die noodsaaklikheid om mag te kry en te behou eerder as deur 'n morele kode. Machiavelli raai die opkomende en ambisieuse leier aan dat die *voorskrifte van mag* die primêre oorweging behoort te wees in elke beleid en handeling.

Die algemene siening van Machiavelli kan reg opgesom word deur die volgende beskrywing in die *Encyclopaedia Britannica* se inskrywing oor die man: “Die eerste en mees volgehoue siening oor wie Machiavelli is, is dié van 'n leermeester van boosheid. ... Om homself te handhaaf moet 'n prins *leer hoe om nie goed te wees nie* en om hierdie kennis te gebruik of nie te gebruik nie, 'na gelang van behoefte' ... **as gevolg van hierdie standpunt kan Machiavelli beskou word as die stigter van die moderne politieke wetenskap**, 'n dissipline wat gebaseer is op die

werklike toedrag van sake in die wêreld, teenoor hoe die wêreld moontlik mag wees ... Die onsedelike interpretasie wat gevestig is op Machiavelli se gereelde uitweg na 'noodsaaklikheid' om aksies te verskoon wat andersins as immoreel veroordeel kan word”.

Die Machiavelliaanse persoonlikheid

Wat was Machiavelli se beskouing van die politieke wetenskap? In *The Prince*, gee hy 'n aantal reëls vir die heersers, met inbegrip van:

- Beteen nooit nederigheid nie, dit is meer effektief om arrogant te wees wanneer met ander mense omgegaan word.
- Moraliteit en waardes is vir die swakkeling; invloedryke mense behoort vry te voel om te lieg, te bedrieg en te mislei om hulle doel te bereik.
- Dit is beter om gevrees te word as geliefd te wees.
- Om gewild en seker van mag te wees, hoef 'n prins nie eerbaar te wees nie, hy kan net so voorkom.

Is daar mense wat vandag werklik leef volgens die manier wat Machiavelli voorgestel het? In die vroeë sewentigerjare, het die sielkundiges Richard Christie en Florence L. Geis 'n studie

gepubliseer wat 'n bepaalde tipe persoonlikheid identifiseer wat gekenmerk word deur manipulasie in verhoudings en sinisme oor die menslike natuur. Hulle het 'n toets uitgevoer waarin stellings was soos: “Verskaf nooit aan enigiemand die werklike rede waarom u iets gedoen het nie, tensy dit voordelig is om dit te doen ... Die beste manier om mense te behandel, is om hulle te vertel wat hulle graag wil hoor ... Enige een wat iemand anders heeltemal vertrou, soek moeilikheid”.

Respondente wat saamgestem het met sulke uitlatings het hoë punte verwerf en is *High Machs* genoem. Daar is gevind dat hulle geneig was om 'n “Machiavelliaanse” persoonlikheid te hê. Aan die ander kant sal iemand wat lae punte behaal het as 'n Machiavelliaan geneig wees om saam te stem met stellings soos: “Dit is nooit reg om vir iemand anders te lieg nie ... Die meeste mense is basies goed en vriendelik ... 'n Mens behoort slegs tot aksie oor te gaan wanneer dit moreel reg is”.

Die sielkundige Harriet B. Braiker het in sy kommentaar op die studie geskryf:

“Machiavelliaanse persoonlikhede is verbind tot die stelling dat 'n gewenste einddoel feitlik enige middel regverdig. Machiavelliaanisme word omskryf as 'n manipulerende strategie van maatskaplike interaksie en 'n persoonlikheidstyl wat gebruik maak van ander mense as instrumente vir persoonlike gewin ... *High*

Machs beïnvloed of manipuleer ander mense op voorspelbare maniere, met behulp van taktieke wat ander mense uitbuit, selfsugtig en byna altyd bedrieglik is.

High Machs is geneig om 'n kenmerkende groep te vorm. Hulle is geneig om sjarmant, selfversekerd en welsprekend te wees; maar hulle is ook arrogant, berekenend en sinies en geneig om te manipuleer en uit te buit. Tydens laboratorium-eksperiment-speletjies vertoon *High Machs* 'n ywerige en opportunistiese sin van tydsberekening en dit lyk asof hulle veral munt slaan uit situasies waar daar dubbelsinnighede binne die reëls is” (*Who's Pulling Your Strings?*, Harriet B. Braiker, Ph.D., bl. 85-87).

Ander “Machiavelliane”?

Machiavelli het sy idees kragtig aangebied, maar hy was nie eerste om hierdie dinge uit te dink nie. Die ou Griekse dramaturg Euripides het geskryf: “As verkeerd ooit reg kan wees, vir 'n troon se onthalwe is verkeerd heeltemal reg – mag God in alles gevrees word” (*Phoenician Maidens*, reëls 524-25). Machiavelli kon dit self nie beter gesê het nie en inderdaad, as 'n geleerde man van sy tyd, kon hy waarskynlik Euripides se toneelspel gelees het of 'n opvoering daarvan gesien het.

Die invloedryke Duitse generaal en militêre teoretikus Karl von Clausewitz, het oorlog “die voortsetting van politiek op ander maniere” genoem. Deesdae lyk dit selfs of *politiek 'n*

oorlog op 'n ander manier geword het. Kandidate en amp-tenare is voortdurend betrokke in politieke gevegte deur sarsies persverklarings en politieke propaganda af te vuur. Net soos in die verlede het vandag se aspirant-leiers 'n sterk begeerte om hulleself te laat geld in magsposisies en sal hulle bykans enige maatreël aanwend om dit te verkry.

Die apostel Jakobus verduidelik waarom dit so is: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. *Julle veg en maak oorlog*” (Jakobus 4:1-2). Dit gaan alles oor twee heeltemal verskillende lewenswyses: “**Gee versus neem**”. In baie opsigte is dit so eenvoudig soos dit. God is liefde en Sy ware aard en karakter is liefde en besorgdheid vir ander – die manier van “gee”. Die manier van die politiek van hierdie wêreld is egter “*neem*” – gefokus op die “self” – in gehoorsaamheid aan 'n heel ander regeerder.

Die ware prins van ons huidige wêreld

Jesus Christus het die ware prins [owerste] van hierdie huidige wêreld geïdentifiseer toe Hy aan Sy dissipels gesê het: “... *die owerste van die wêreld* is aan kom en het aan My niks nie” en “... omdat *die owerste van hierdie wêreld* geoordeel is ...” en “... nou sal die *owerste van*

hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Johannes 14:30, 16:11, 12:31). Jesus het selfs daarna verwys dat die owerste [prins] 'n koninkryk in hierdie wêreld het (Mattheüs 12:26) en die apostel Paulus het gesê dat hy die werklike “god van hierdie wêreld” (2 Korinthiërs 4:4) is. Hierdie owerste [prins] begeer die rol van heerser en god.

Na wie het Jesus verwys as die heerser van vandag se wêreld? Die Bybel onthul dat hierdie wêreld 'n geestelike heerser het wat al die ambisies en eiesinnigheid van vandag se ambisieuse regeerders verpersoonlik. Let op na die eiesinnige, ambisieuse aard wat hierdie voormalige aartsengel verteenwoordig: “Ek wil opklim in die hemel ...” en “... my troon verhef bo die sterre ...” Hierdie geestelike wese is eens Lucifer genoem – die “ligbringer” – maar in sy opsetlike opstand teen God die Almagtige het hy Satan, of die “Teëstander”, geword.

“Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! *Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies!* En jý het in jou hart gesê: *Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!*” (Jesaja 14:12-14)

Let egter op wat God sê van hierdie bese wese se finale bestemming: “Ja, in die doderyk [graf] sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!

Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou *en sê*: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het?” (verse 15-16).

'n Ander Prins is aan die kom

In teenstelling met hierdie bese prins – die “owerste van die mag van die lug” (Efesiërs 2:2) – sê die Skrif aan ons dat 'n ander Prins binnekort na die aarde sal kom – die “Prins van Vrede”. Jesus Christus het 'n weg aan ons geleer wat baie verskil van dié van Machiavelli. In die Nuwe Testament vind ons dat *vrede* een van die grootste deugde is wat mense (ingeslote heersers) behoort na te streef. *Vrede* word as een van die vrugte van God se Heilige Gees genoem (“... liefde, blydschap, **vrede** ...” Galasiërs 5:22).

Die Skrif toon dat Christus sal terugkeer as die leier van 'n magtige leër, maar Hy sal Sy mag gebruik om 'n vredevolle Koninkryk te vestig en om daarvoor te heers. Die profeet Daniël het 'n visioen opgeteken van die wederkoms van Jesus Christus aan die einde van hierdie tydperk en die vestiging van Sy regering op aarde. In daardie visioen vernietig Christus die bestaande aardse stelsel wat God se regering verwerp. Die visioen begin met die uitbeelding van 'n reeks voormalige wêreldryke, wat geheers het en wat gereelde lesers van hierdie tydskrif weet bestaan uit die Babiloniese, Medo-Persiese, Grieks-Macedoniese en Romeinse ryke; wat dan uitloop op die

goeie nuus van God se Koninkryk:

“U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud [Babiloniese Ryk], sy bors en sy arms van silwer [Medo-Persiese Ryk], sy buik en sy lendene van koper [Grieks-Macedoniese Ryk], sy bene van yster [Romeinse Ryk], sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei [eindtydse herlewing van die Romeinse Ryk]. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mense* hande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n *groot rots* geword wat die hele aarde gevul het” (Daniël 2:31-35).

In die Skrif gebruik God dikwels die beeld van 'n berg om 'n regering te simboliseer. Hier verwys die berg wat groei om “die hele aarde” te vul, na die “heilige berg van God” – Sy regering op aarde. God sê deur die profeet Jesaja: “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op **my hele heilige berg** nie, want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem

oordek” (Jesaja 11:9). Dit is nie net 'n verwysing na Christus se hoofkwartier in Jerusalem nie, maar na 'n regering wat sal groei totdat dit “die hele aarde gevul” en die huidige goddelose regerings vervang het.

Jesus het, nadat Hy 40 dae gevas het, selfs na hierdie berg verwys toe Satan Hom versoek het. Dit was Satan se berg – sy regering en koninkryke – wat Jesus gesien het toe Satan sê: “Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee” (Lukas 4:6). Hierdie wêreld en sy mag en regering het inderdaad aan Satan behoort – sy berg is baie werklik – baie mense het hulle gedeelte van sy verleidelike aanbod aanvaar.

Jesus het natuurlik onthou wat Hy baie eeue tevore in Daniel 2 voorspel het: “U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mensehande* 'n klip losraak ... maar die klip wat die beeld getref het, het 'n **groot rots [berg]** geword wat die hele aarde gevul het” (Daniël 2:34-

35). Jesus het Satan se aanbod van die hand gewys en hom trouens met die asem van sy lippe weggeblaas toe Hy sê: “Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien” (Lukas 4:8). Diegene wat hulleself vandag as volgelinge van Machiavelli beskou aanvaar in wese 'n aanbod van die verkeerde prins!

Vanuit die hart?

Die moderne politieke wetenskap erken dat hoewel *The Prince* 500 jaar gelede geskrywe is, dit die moderne politieke denke deur en deur beïnvloed het en dit steeds doen. Vandag se politici verstaan egter nie dat die beginsels wat in daardie boek tot uitdrukking kom die korrupte gees van 'n stelsel wat binnekort tot 'n einde sal kom verteenwoordig nie. Gelukkig kan Christene vandag afsonderlik wees van daardie stelsel en God se Kerk streef daarna om volgens Sy manier te regeer, weg van die

sinisme en manipulasie wat Machiavelli aanbeveel het.

Wat is Machiavelli se nalatenskap, vyf honderd jaar na *The Prince*? Tydens sy leeftyd het hy beslis ander werke ook geskryf, waarvan sommige 'n heel ander siening van die regeerder se rol het. Sy *Discourses on Livy* bevat byvoorbeeld raad oor hoe om republieke te bewaar. Toegewyde historici betwis die mate waarin *The Prince* Machiavelli se ware gevoelens weerspieël. Ons weet in elk geval dat Machiavelli in die inleidingsbrief van *The Prince* sê dat sy klein boekie *alles bevat wat hy weet*. 'n Mens kan dus daaruit aflei dat *The Prince* uit die skatte van sy hart kom. In plaas daarvan kyk Christene gelukkig na 'n Prins wat baie anders is – die Prins van Vrede – as dié Een van wie hulle waardes vandaan kom en wat binnekort sal terugkeer om 'n regering te lei wat baie verskil van dít wat Machiavelli beskryf.

WvM

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 7 – Wat is verkeerd met dieselfde-geslag huwelike?

verbonde is aan die Nasionale Vereniging vir Navorsing en Terapie van Homoseksualiteit. Andere het hulle tot beraders verbonde aan hulle godsdienstige geloof gewend. Dit is 'n feit dat God **niemand** dwing om 'n homoseksuele lewenswyse te leef nie. Vir diegene wat uit daardie lewenswyse wil kom sal

God die wil en die weg voorsien. Vir Christene wat die Heilige Gees het, is **God se direkte krag** beskikbaar om te help om **hierdie** en **enige ander** menslike swakheid te oorkom!

Ons moet die leuens van Satan die duiwel weerstaan. Waarlik, as ons hierdie dinge *voor ons eie oë* sien ontplooi,

behoort dit die uitdruklike betekenis te gee aan wat Jesus ons aangesê het om eerste te vra wanneer ons bid: “laat U koninkryk **kom**; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde” (Mattheüs 6:10). WvM

London Roep

Margaret Thatcher, haar lewe en nalatenskap

Deur John Meakin

Margaret Thatcher, die eerste vrou wat gedien het as Eerste Minister van Brittanje, was 'n merkwaardige persoon, wêreldwyd 'n simbool van nasionale herlewing en herwonne waardes. Net Winston Churchill – Brittanje se leier gedurende die Tweede Wêreldoorlog teen die Nazi-tirannie – kan moontlik met haar vergelyk word. Hulle was albei geliefd en gerespekteerd vir wat hulle bereik het en hulle was patriotte wat gedurende kritieke stadiums na vore getree het. Haar dood in April 2013, op die ouderdom van 87 jaar, het baie mense weer laat nadink oor haar nalatenskap aan Brittanje en die ander Engelssprekende nasies.

“Maggie” is van nederige oorsprong en het in die oostelike binneland van Engeland op die platteland grootgeword. Sy het in 1975 die leier van die Konserwatiewe Party geword en haar regering vir 11½ jaar lank (1979-1990) gelei. Gedurende haar tyd as Eerste Minister het sy 'n uitstaande figuur op die wêreldverhoog geword en sy het bygedra tot die val van kommunisme en die Sowjetunie. Haar beginsels het aanleiding gegee tot wat bekend geword het as “Thatcherisme” – 'n stel oortuigings wat gefokus was op individuele vryheid, “verantwoordelike individualisme”, ligter regulasies en minimale

belasting en staatsbesteding.

Alles in ag genome is Barones Thatcher ('n titel wat sy in 1992 verdien het toe sy tot die adelstand verhef is in erkenning vir haar lewenslange diens) gesien met baie goeie eienskappe soos 'n besondere verstand, energie, sterk persoonlikheid en karakter. Hoewel sy omstrede was en selfs verdeeldheid veroorsaak het, sal sy waarskynlik onthou word as een van Brittanje se grootste vredes-tydse leiers.

Wat was die geheim van haar sukses? Waarom het sy so 'n felle haat aangewakker in die harte van diegene wat teen haar beleid gekant was? Kan ons haar leierskap in verband bring met die boodskap van die Bybel?

Haar stryd

Dit is 'n feit dat “sterk oortuigings verdeeldheid veroorsaak”. Thatcher se menings was, in politieke terme, regse konserwatiewe waardes. Daarby het sy ook sterk godsdienstige en maatskaplike beginsels van haar Metodiste-opvoeding in alles laat geld, wat duidelik gewys het waarvoor sy staan. Haar pa was 'n lekepreekster. Sy aangrypende preke het aan sy dogter, wat gretig was om te leer en te vorder, bestendige karakter-bouende beginsels oorgedra. Haar harde

werk, spaarsamigheid, persoonlike verantwoordelikheid en diens om getrou te bly aan haar beginsels en al hierdie praktiese morele deugde het daartoe bygedra om Thatcher se onbuigsame krag te vorm. 'n Vurige geloof in die morele beginsels van die Bybel, liefde vir haar land en 'n geweldige drang om iets tot stand te bring het Thatcher onverbiddelik voortgedryf.

In die jare voordat sy Eerste Minister geword het, het opeenvolgende regerings – Arbeiders sowel as Konserwatiewes – gefaal om Brittanje se probleme op te los. Magtige vakbonde het koning gekraai en het 'n ongekeende aantal stakings tot gevolg gehad wat die Britse samelewing so te sê lamgelê het. Gedurende 1978–1979 is 'n “winter van ontevredenheid” beleef toe onafgehaalde vullis in die strate gestrooi is. Inflasie het geheers en hulle skuld was so groot dat hulle 'n vernederende reddingsplan deur die Internasionale Monetêre Fonds benodig het. Dit het voorgekom asof niks wou werk nie. Brittanje was in baie opsigte 'n gebroke nasie – diep verdeeld en besig om uitmekaar te val. Die nasie het die “siek man van Europa” geword en het desperaat 'n dosis gesonde medisyne nodig gehad!

Nie vir omdraai nie

'n Vasberade vrou het in hierdie groot gemors ingestap. Nadat sy alles forensies ontleed het van wat sy gesien het as die basiese oorsake van die insinking – sosialisme in al sy gedaantes – het 'n ontstoke Thatcher daadwerklik ingegryp. Sy het haar beleid onomwonde verklaar met die bekende sin: “Dié dame is nie vir omdraai nie!” Deur vas te staan het sy en haar ondersteuners 'n dramatiese ommekeer van die sterwende Brittanje gelei. Dit was 'n harde, ongenaakbare en opdraande stryd. Baie mense het haar kwalik geneem omdat hulle die onbekostigbare sosialistiese geriewe moes prysgee – maar deur haar vasberadenheid het Thatcher die land ekonomies, polities en maatskaplik verander, asook Brittanje se aansien in die wêreld laat herleef.

Die Thatcher-revolusie was niks minder as 'n *morele kruistog* nie. Sy het haar dit ten doel gestel om die nasionale mentaliteit van wanhoop en dreigende ineenstorting radikaal te verander na een van sukses en voorspoed. Sy verklaar in 1981: “Ekonomie is die metode; maar die doel is om die siel te verander”. Sy het egter geen twyfel gehad oor die kern van daardie revolusie nie: “Dit is vir my moeilik om aan enigiets anders as Christelikheid te dink, wat die meeste mense in die Weste weer sal kan toerus met die *nodige bevoegdheid sodat die samelewing weer hulle sedelike gedrag op baie praktiese maniere kan verbeter*” (*The Path to Power*, bl. 554).

Vir diegene wat nie met

Thatcher se Bybelse uitkyk saamgestem het nie, was haar idees en beginsels natuurlik niks minder as 'n *vervloeking* nie. Dit is dus geen verrassing om te verneem dat die politieke linksgesindes – ook die meeste geleerdes binne en buite haar eie politieke party – alles waarvoor sy gestaan het, verafsku het nie. In die meeste gevalle was die gemiddelde persoon op straat tot wie se beswil haar gewilde kapitalisme gerig was nogtans ten gunste van haar beleid.

Geestelike erfenis

Wanneer Christelike beginsels toegepas word in ons wêreldse samelewing, was dit ongelukkig nog altyd geneig om aanleiding te gee tot verdeling. Die rede hiervoor is eenvoudig: Die hedendaagse wêreld is sonder uitsondering verbind aan onchristelike waardes waarvan hulle nie wil afsien nie. Selfs toe die Messias Self Sy dissipels opdrag gegee het om voort te gaan met die verkondiging van die evangelie van Sy komende Koninkryk wat die hele wêreld sal regeer, het Hy hulle gewaarsku dat die pad nie maklik sal wees nie. Daar sal teenstand, vervolging en verwerping wees (Mattheüs 10:16-19, 22-23). Mense sou haat waarvoor Christene staan en die Evangelie-boodskap sal verdeeldheid bring binne gemeenskappe en selfs gesinne (verse 34-39).

Die apostel Paulus het daardie selfde boodskap in Klein-Asië verkondig waar hy selfs daarvan beskuldig is dat hy die wêreld onderstebo gedraai het of “die wêreld in opstand

bring” (Handelinge 17:6). Nogtans, uit God se oogpunt, was dit werklik net die teenoorgestelde – Paulus het eintlik die wêreld *regop gedraai!*

Barones Thatcher het besef dat die revolusie wat sy begin het, een was wat in elke geslag geveg en gewen moes word. Daar sal altyd mense wees wat in die teenoorgestelde rigting trek. Suksesse wat behaal is vir individuele vryheid en Bybelse waardes, sal sonder uitsondering as kwaai bestrede en sensitief geag word. Totdat Christus self kom om die Koninkryk van God op die aarde te vestig, sal alle menslike pogings power en onvolledig wees.

In 1978 het Thatcher in 'n kerk in Londen 'n tydlose waarskuwing gerig oor die netelige kwessie van *vryheid*. “Vryheid sal homself vernietig as dit nie uitgeoefen word binne 'n soort van *sedelike raamwerk* nie, een of ander vereniging van gedeelde oortuigings, een of ander geestelike erfenis wat oorgedra behoort te word deur die kerk, die huisgesin en die skool. Dit sal homself ook vernietig as dit geen doel het nie” (*The Path to Power*, bl. 555).

Daardie raamwerk kom binnekort. Profesie onthul dat Jesus Christus sal terugkom om 'n wêreldregering te vestig wat op ware Bybelse beginsels gebaseer sal wees. Dit sal egter **nie** 'n blote “Thatcheristiese” regering wees **nie!** Dit sal die letterlike Regering van God wees – 'n welwillende koninkryk wat alle volke *sal* verenig binne God se morele *raamwerk* – 'n *raamwerk wat omskryf wat ware vryheid is*. **WvM**

U glorieryke bestemming na die dood

Deur Richard F. Ames

Wanneer ons opkyk na die hemel, kan ons nie anders as om verstom te staan deur wat ons miljoene en selfs miljarde ligjare ver weg sien nie. Nogtans sal die meeste van ons nooit in ons leeftyd meer as 'n paar kilometer bo die oppervlak van die planeet Aarde reis nie. Kan dit wees dat daar 'n verhewe doel vir die groot heelal is – 'n doel wat u dalk insluit?

Sou u graag na die verste uithoeke van die heelal wou reis? Die Hubble-teleskoop het asemrowende mooi beelde van verre sterrestelsels en newels wat ver weg is onthul. Baie van hulle het romantiese name: Die *Cartwheel* sterrestelsel en die *Tadpole* sterrestelsel, die *Cone*, *Crab*, *Eagle*, *Lagoon* en *Swan* newels. Ons sien hierdie wonderlike skouspel en ons is vervul met verwondering, maar ons weet dit is buite ons bereik – *of is dit werklik?*

In ons leeftyd het slegs 'n paar mense dit na die verste uithoeke van ons planeet tot in die lae aardse wentelbaan gewaag. Nog minder het die aarde verlaat en na die maan gereis. Niemand het nog ooit na Mars, ons naaste planeet gereis nie. Daar is egter verskeie nasies wat reeds in die vroeë stadium van beplanning is om dit in die toekoms te doen.

Sal u dus verder as planeet Aarde kan reis in u kort menslike leeftyd? Indien nie, sal u **ooit** die geleentheid kry om van “naderby” te sien wat “daar buite” aan die verste uithoeke van ons planeet is? Dit is wonderlik dat, hoewel min mense hierdie verstommende waarheid verstaan, u Bybel nie slegs open-

baar dat die mens anderkant die dood sal lewe nie, maar ook wat God vir getroue Christene, diegene wat Sy lewenswyse bo die wêreld se weg van sonde en die dood kies, beplan naamlik 'n glorieryke toekoms wat nie net die planeet Aarde insluit nie, maar ook die ganse heelal!

Ons sal regeer

Sal Christene wat uit die dood opgewek is “heeldag in die hemel rondrol” soos 'n ou bekende liedjie ons wysmaak? Of sal hulle iets belangriks hê om te doen in hulle diens aan God? Wat sê die Skrif oor wat ons gaan doen en waar ons dit gaan doen? “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die **aarde heers**” (Openbaring 5:9-10).

U behoort te weet wat u uiteindelijke glorieryke bestemming is! U behoort te weet wat u wonderbaarlike toekoms anderkant die dood is. Kyk: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het

die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal **saam met Hom** as konings **regeer** duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

Die meeste Engelssprekendes is vertrouwd met Händel se oratorium, *Die Messias*! Dit sluit hierdie woorde van die stemme in die hemel in: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as koning heers **tot in alle ewigheid**” (Openbaring 11:15). Ja, ware Christene wat met Christus se wederkoms deel sal wees van die eerste opstanding uit die dood sal saam met Hom **regeer** vir duisend jaar – wat bekend staan as die “Millennium” – daarna ook verder tot in alle ewigheid.

God belowe aan getroue Christene werklike verantwoordelikhede in Sy Koninkryk, soos uitgebeeld in die gelykenis van die ponde (Lukas 19). Aan die getroue dienaar wat sy pond tienvoudig laat vermeerder het sê Hy: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor

tien stede” (vers 17). Nog 'n dienaar het sy pond vyfvoudig laat toeneem: “En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En Hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede” (verse 18-19). God is besig om ons voor te berei vir posisies van diens tot in alle ewigheid!

Die Godsgesin

Een van die wonderlikste en bemoedigendste waarhede van die Bybel is dat God 'n gesin skep! God is die Vader “van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang” (Efesiërs 3:14-15). God wil hê dat elke mens vrywillig moet kies om Sy seun of Sy dogter te word! God wil hê dat ons moet wegkom uit die vleeslike, sondige weë van die wêreld. “Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige” (2 Korinthiërs 6:17-18).

Hoe word u egter 'n geestelike seun of dogter van u Vader wat in die hemel is? Dit is belangrik! Eerstens moet ons die Almagtige God as die Skepper van hemel en aarde erken. “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag, want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is, en 'n beloner is van die wat Hom soek” (Hebreërs 11:6).

Daar is nog 'n belangrike stap. Let op: “En nadat

Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle, en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Ja, Jesus het almal wat hom gehoor het tot bekering geroep. Wat beteken dit egter? Ons moet berou hê oor ons sonde, wat die oortreding van God se wet is – die skending van Sy Tien Gebooie! “Bekeer” beteken om ons denke en ons verstand te **verander** – om waarlik so berou oor ons sondes te hê dat ons **ons lewens radikaal verander** en eerder God se lewensweg volg.

Die Nuwe-Testamentiese Kerk het op Pinksterdag begin en die apostel Petrus het aan sy toehoorders gesê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Handelinge 2:38-39).

Ná ware bekering, geloof en doop, gee God die gawe van die Heilige Gees. Sodra u die gawe van die Heilige Gees ontvang word u 'n verwekte kind van God! Ons word die ware erfgename van God – mede-erfgename met Christus. Lees dit self: “Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny

om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word” (Romeine 8:14-17).

Ons Erfenis

Ons het alreeds 'n vlugtige blik op ons erfenis gehad: Ons sal die aarde beërwe (Mattheüs 5:5). Ons sal die Koninkryk beërwe (Daniel 7:18 en Mattheüs 25:34). Ons sal die ewige lewe beërwe (Mattheüs 19:29). Let op dat ons nou **erfgename** van God is, nog nie **erfbesitters** nie. Ons sal ons erfenis met die opstanding ontvang! Wanneer ons eers God se verwekte kinders is, moet ons groei in die genade en kennis van Christus (2 Petrus 3:18)! Namate ons leer en God se lewenswyse toepas, groei ons in goddelike karakter. Dit neem 'n leeftyd.

Wat gebeur wanneer u sterf? Baie denominasies leer dat wanneer u sterf u siel na 'n geluksalige hemel gaan, of na 'n vurige hel of vagevuur. Wat leer die Bybel ons egter? Die Bybel leer ons dat daar 'n menslike gees en nie 'n onsterflike siel in die mens is nie (1 Korinthiërs 2:11; Job 32:8). Die Bybel leer ons duidelik dat die siel kan sterf: “... die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Esegiël 18:4, 20).

Jesus sê: "... maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel [Gehenna vuur]" (Mattheüs 10:28). Die Bybel leer ons dat siele sterflik is, nie onsterflik nie en dat siele heeltemal vernietig kan word in vuur. Jesus het so gesê. Die verharde goddelose mense sal inderdaad gepynig word en dan in 'n poel van vuur verbrand word. Dit word die tweede dood genoem (Openbaring 20:14). Die tweede dood is finaal – 'n dood waaruit daar geen opstanding is nie. U wil beslis nie in 'n poel van vuur gegooi word nie!

Ons sal verander word

Paulus skryf: "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie, ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word, en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflik moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is, en hierdie sterflik met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning" (1 Korinthiërs 15:50-54).

Met die opstanding sal die getroue Christene in God se glorieryke gesin gebore word as verheerlikte, onsterflik kinders van God! Ons sal vir 'n duisend jaar lank saam met Christus as konings en priesters op aarde heers terwyl ons nasies en volke sal help om die weg na vrede, geluk, harmonie en voorspoed te leer.

Na 'n leeftyd van geestelike groei, sal 'n getroue Christen in die geloof sterf. Lees hierdie aanmoediging vir die getroue dienaars: "In die geloof het hulle almal gesterf sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek. En as hulle bly dink het aan dié *vaderland* waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei" (Hebreërs 11:13-16).

Diegene wat in die geloof gesterf het, rus nou in hulle grafte, terwyl hulle wag op die opstanding. Alle Christene sien uit na die opstanding, want hulle weet dat Christus Self opgewek is uit die dood na drie dae en drie nagte in die graf, of die "hart van die aarde" (Mattheus 12:40). Let op hierdie belangrike punt: Dat Christus "na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die op-

standing uit die dode" (Romeine 1:4).

Die Skrif verseker ons dat Christus "die eersgeborene kan wees onder baie broeders" (Romeine 8:29). Ja, getroue Christene sal weer gebore word tydens die opstanding uit die dood! Ons sal God se verheerlikte kinders wees! Ons sal heerlijkheid en onsterflikheid beërwe. Ons sal nie meer erfgename wees nie, maar erfbesitters van die Koninkryk, die aarde en die ewige lewe. Daar is egter nog meer. Uiteindelik sal die Nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal na die aarde. Wat sal daarna gebeur? "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan" (Openbaring 21:4).

Wat van die "wat nie gered is nie"?

Ja, ons sal almal sterf, maar daar sal later 'n oordeel wees vir diegene wat nooit voorheen die geleentheid gehad het om gered te word nie! Dit staan bekend as die Wit Troon Oordeel. Wat gebeur met die biljoene mense wat geleef en gesterf het sonder dat hulle ooit Christus se offer aanvaar het? Is hulle vir ewig verlore? Nee! God is billik en regverdig. Hy sal nie mense wat geestelik blind is na 'n poel van vuur stuur sonder dat Hy ooit aan hulle 'n geleentheid gebied het om gered te word nie.

Die apostel Johannes skryf: "En ek het die dode, klein en

groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hul werke” (Openbaring 20:12).

In die Wit Troon Oordeel sal biljoene mense wat voorheen geestelik blind was, uiteindelik uit die pyn van die verlede leer. Hulle sal die geleentheid gegee word om werklik berou te toon, die evangelie te glo en uiteindelik die koninkryk van God te beërf. Petrus het geskryf: “Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige

moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom” (2 Petrus 3:9).

Die heerlikheid wat voorlê!

Daar lê 'n heerlike toekoms voor vir almal wat op God se roeping reageer! Die dood is 'n vyand. Daardie vyand sal egter oorwin word. God sal aan Sy verheerlikte kinders die ontsagwekkende erfenis van die ewige lewe gee en daarna die ganse heelal! “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7).

Ons bestemming is glorie-ryk. As geestelike wesens sal ons nie beperk word deur tyd en

ruimte nie. Ons sal in staat wees om na die mees afgeleë sterrestelsels te reis. Die ganse heelal sal ons s'n wees om oor te heers. “Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie” (Hebreërs 2:8). God sal aan Sy kinders “alle dinge” gee. Ons sal die heelal beërwe! Soos die psalmdigter sê: “Die hemele vertel die eer van God” (Psalm 19:2).

Dank God vir die glorieryke bestemming wat Hy na u dood vir u beplan het! Bid dat God se Koninkryk na die planeet Aarde toe sal kom en verheug u in God se persoonlike liefde vir u! **WvM**

Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org

Vervolg vanaf bladsy 19 – Godsdienstige verwarring

– en hoop dat u gewillig is om te glo – dat die Bybel werklik sê wat dit bedoel en **bedoel** wat dit sê! Ons het dit aan ons self bewys, en ons strewende daarna om ons lewens daarop te baseer!

Een teken dat God met ons werk is ons insig in spesifieke Bybelse voorspellings wat nou besig is om in vervulling te kom. Die meeste “hoofstroom” Christene besef nie die ware betekenis van die baie profesieë in u Bybel wat voortdurend besig is om vervul te word nie. Soos wat u ons *Wêreld van Môre* tydskrif en ons ander publikasies bestudeer, sal u hierdie feit begin verstaan – **indien** u gewillig is. Ons baseer

dit wat ons glo, op die Bybel – nie op ander veronderstelde “geïnspireerde” geskryfte van ander mans of vrouens nie. In hierdie tydskrif, ons ander publikasies en ons beeldsendings, lê ons net vir u uit wat die Bybel *baie duidelik* sê. Ons help u ook om die opwindende profetiese gebeure *te verstaan* wat nou om ons warrel – en wat spoedig sal lei tot die *letterlike* Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde, as Koning van die konings!

Ten slotte wil ek graag vir u ons *uiters belangrike nuwe* boekie aanbied, *Die Bybel: Feit of Fiksie?* Hierdie boekie sal u help om die *feit* te verstaan dat

die Bybel werklik geïnspireer is en dat dit die **enigste** gids behoort te wees tot Christelike geloofstellings en praktyke. Hierdie boekie sal *heeltemal gratis* en sonder verpligting aan u gestuur word indien u dit aanvra. Kontak eenvoudig ons kantoor naaste aan u en vra u kopie aan. Dan, en dit is die belangrikste, wees gewillig om te **handel** volgens die inligting wat u ontvang. Ons lewe werklik aan die einde van 'n tydvak, en ons daaglikse lewens gaan binne die volgende paar jaar geweldig beïnvloed word deur profetiese gebeure. “Wie ore het om te hoor, *laat hom hoor!*” (Mattheus 13:9). **WvM**

Godsdienstige verwarring

Deur Roderieck C. Meredith

Waarom heers daar deesdae soveel godsdienstige verwarring?

Die twee grootste godsdienstige organisasies op aarde vandag is Rooms-Katolisisme en Islam. Die meeste "hoofstroom" Protestantse kerke *verloor* honderde duisende lidmate! Dit gebeur terwyl die Mormone, Sewendedag-adventiste en Jehova Getuies vinnig groei. Dit vind ook plaas in die emosievolle "Pinksterkerke" wat baie lidmate werf uit die gelede van die Rooms-Katolieke Kerk, veral in Sentraal- en Suid-Amerika.

Wat gaan aan? Waarheen lei dit alles?

Hoe kan u persoonlik daarvan seker wees dat u die Waarheid aangaande God *verstaan*, aangaande die ewige lewe en aangaande die profetiese gebeure wat skynbaar elke jaar meer intens word en ons wêreld meer en meer beïnvloed?

Ek het tot insig gekom en u kan ook. Ek het, soos baie ander mense, groot geword in 'n klein Midde-Westelike stad in 'n hoofstroom Protestantse kerk. My ouers, twee susters en ek het in 'n boomryke straat in 'n goeie middelklas woonbuurt gewoon. Die meeste van ons bure was Protestante – met 'n paar Rooms-Katolieke en Jode tussen-in. Ons was oor die algemeen almal dieselfde –

middelklas mense wat in 'n aangename stad gewoon en dieselfde waardes en verwagtings gedeel het.

Totdat ek volwassenheid bereik en oorsee gereis het, was ek slegs vaagweg daarvan bewus dat die *oorgrote meerderheid* mense op hierdie aarde *nie* in Christus glo – en **nog nooit** geglo het nie, of in die leerstellings van die "hoofstroom" Christendom nie, en dat slegs 'n baie klein getal mense bekend is met ware Bybelse Christelike leerstellings.

Dit word vandag toenemend duidelik vir nadenkende mense, selfs in die belydende Christelike wêreld, dat daar beduidende *verskille* in geloof en praktyk bestaan. Baie Protestantse kerke verorden reeds of dink daaraan om *homoseksuele* in te seën! Die grootste Presbiteriaanse kerk in die Verenigde State, het verlede Junie gestem om hulle plaaslike en streekliggame toe te laat om homoseksuele te verorden tot hulle kerkverband in verskillende ampsbedienings.

Dit sou heeltemal ondenkbaar en **vreemd** gewees het toe ek groot geword het. Ons begrip van Bybelse Christelikheid is reeds so afgewater dat dit iets is wat die meeste belydende Christene deesdae weinig skeel.

Protestante en Katolieke is vandag toenemend onseker oor

wat hulle glo. Alhoewel die geloof in die Drie-eenheid lank 'n hoeksteen van hulle gelowe was, huldig baie van die kerke daardie leerstelling vandag slegs op 'n vae en afgewaterde wyse. Vroeër vanjaar het Presbiteriaanse beamptes "gestem om dié kerkverband se kerke toe te laat om die sinsnede 'barmhartige moeder, geliefde kind, en lewegewende moederskoot' te gebruik in die plek van 'Vader, Seun, en Heilige Gees' wanneer na die Drie-eenheid verwys word. Dit was slegs een van die twaalf sinsnedes wat deur daardie Vergadering goedgekeur is as toelaatbare plaasvervangers vir die tradisionele name van God. 'n Ander is 'rots, hoeksteen, en tempel'. Toe een Kaliforniese pastoor uitgevra is oor sy gevoel aangaande die nuwe benaminge vir die Drie-eenheid, het hy aan die *Los Angeles Times* koerant gesê, 'U mag net sowel skryf Huey, Dewey, en Louie'. Daardie predikant staan nie alleen in hoe hy voel nie – 'n ander konserwatiewe Presbiteriaanse teoloog en pastoor het soortgelyk sy misnoeë uitgespreek oor wat hy beskryf as dié kerkverband se skuif om 'n 'belangrike leerstelling van die Christelike geloof te verander'" (*Agape Press*, 10 Julie 2006).

Die meeste van hierdie mense besef natuurlik nie dat

die Drie-eenheid self nie deel van die ware Christelike geloof is nie. Dit was eers later deur leiers tot die “Christelikheid” bygevoeg uit die leerstellings van vroeëre heidense gelowe, wat gehoop het om daardeur nuwe bekeerlinge te trek.

Dit is ook van wesenlike belang dat u besef dat meeste “hoofstroom” kerke *nie* erken dat ons in die “eindtyd”, soos deur die Bybel voorspel, leef nie. Hoofstroom predikers is heeltemal onseker of Christus letterlik na die aarde gaan terugkeer of nie – of, *indien* Hy wel gaan terugkeer – Hy spoedig sal terugkeer of miskien eers oor 'n *duisend jaar* sal terugkeer! Let op wat die beroemde evangelis, Billy Graham, in sy eie kolom in die koerant skryf: “Ons weet nie wanneer Christus sal terugkeer aarde toe nie – en die Bybel sê vir ons om nie 'n presiese datum te probeer vasstel nie. Ja, dit mag wees voordat u hierdie sin klaar gelees het – maar dit kan ook oor 'n duisend jaar van nou af wees” (*Charlotte Observer*, 8 September 2003).

Miljoene belydende Christene glo selfs dat daar “baie” paaie na saligheid bestaan – deur Christus of deur *ander metodes*. Welbekende meningspeiler George Gallup sê, “Die hoë graad van godsdienstige verdraagsaamheid weerspieël gedeeltelik, nie slegs 'n gebrek aan kennis van ander gelowe nie, maar 'n onkunde aan gaande iemand se eie geloof”. In sommige meningsopnames, sê hy, “vind jy Christene wat sê, 'Ja,

Jesus is die enigste weg' en ook, 'Ja, daar is baie paaie na God'. Dit is nie dat Amerikaners niks glo nie; hulle glo alles” (*US News & World Report*, 6 Mei 2002).

Die Bybel stel dit egter duidelik dat Jesus Christus en Sy onderwysing die **enigste** weg na saligheid is, “En die saligheid is in niemand anders nie, *want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie*” (Handelinge 4:12). Jesus self sê, “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Johannes 14:6). Die duidelike **feit** is dat hierdie wêreld se mense – selfs meeste wat “Christelikheid” bely – in *totale verwarring* verkeer! Onthou, die Bybel sê daar is 'n baie wesenlike Satan, die Duiwel, “wat die **hele wêreld verlei [mislê]**” (Openbaring 12:9).

Die apostel Paulus verduidelik dat die evangelie “bedek” is vir die meeste mense wat verlore gaan, “naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:4). God se woord maak dit baie duidelik, in verskeie skrifgedeeltes, dat die *oorgrote meerderheid* mense nie nou “geroep” is nie en “verlore” gaan, want hulle is “verblind” vir die Waarheid van God.

Dus, *wat* staan ons te doen?

Eerlikwaar, geliefde vriende, die **enigste** ware “sleutel” wat iemand kan help om uit hierdie verwarring te kom, is die bereidwilligheid om *die Bybel letterlik op te neem* – laat die Nuwe Testament die Ou Testament vervul en die volle betekenis daarvan laat kry – en om die *uiters duidelike* onderwysings en **voorbeeld** van Jesus Christus, die Outeur van ware Christelikheid, na te volg.

“Is dit al? Dit klink eenvoudig!” mag u dink.

Die meeste van hierdie wêreld se “geleerde” predikers en teoloë het egter die mense verwar oor wat Jesus duidelik leer – so deeglik dat *uiters min* mense werklik gewillig is om Hom te volg!

Christene moet gewillig en in staat wees om vir hulle self te bewys dat die Bybel **letterlik** deur die God wat alles geskape het, **geïnspireer was**, dat dit gesaghebbend is en die ware **weg** na die ewige lewe openbaar; en dat dit die Skepper se doel verduidelik waarom Hy ons hier op die aarde geplaas het.

Hierdie *Wêreld van Môre*-tydskrif is op die voorafgaande stelling gebaseer. Ons is gewillig om duidelik en oortuigend te **bewys** wat die Bybel uitdruklik sê – aan almal wat gewillig is om te luister. Maar ons aanvaar **nie** verklarings wat gebaseer is op “menslike tradisie” afgesien van die Skrif nie, of die feit dat “goeie mense” iets in die verlede geglo het nie. Ons is gewillig om te glo

Die “Tien persent” mite

Deur William Williams

Gebruik u die volle potensiaal van u brein? Maak u die meeste van die breinkrag wat God aan u gegee het?

Kwaliteit is die antwoord, nie kwantiteit nie!

Baie mense aanvaar die sogenaamde 10 persent mite deesdae as vanselfsprekend – die opvatting dat die gemiddelde persoon slegs 10 persent van hulle brein benut. Die oorsprong van hierdie opvatting is onduidelik. Sommige mense is van mening dat die Amerikaanse skrywer Lowell Thomas daarna verwys het in 'n voorwoord van 'n uitgawe van Dale Carnegie se *How to Win Friends and Influence People*. Waar ookal die oorsprong daarvan was, die uitwerking en omvang van die mite is wydverspreid.

Wat is verantwoordelik vir wydverspreide verskille in intelligensie van mens tot mens? Die bekende 19de-eeuse sielkundige, William James, het voorgestel dat daar in almal 'n onderbenutte geestelike potensiaal moet wees. Sedertdien is James se navorsing en kamtige metafisiese spekulاسie verkeerd verstaan en verkeerdelik aangehaal. Dit is selfs verkeerdelik toegeskryf aan geloofwaardige wetenskaplike persone soos Albert Einstein (Robynne Boyd. *Do People Only Use Ten Percent of Their Brains?*, Scientific American, 7 Februarie 2008).

Vermis in aksie?

Die waarheid is dat ons “so te sê 100 persent van ons brein

gebruik” volgens Ph.Ds Sam Wang en Sandra Aamodt, neuroloë van Princeton en medeskrywers van *Welcome to Your Brain* (2009). Hulle redenasie, gebaseer op uitgebreide navorsing, is dat daar geen “onbenutte gedeeltes” van ons brein is nie en dat die werkende menslike brein basies volledig is.

Indien enige deel van u brein “in aksie verlore geraak het”, sê dr. Wang, “sal u dit agterkom – u sal jammer wees ... of, afhangende van watter deel dit is, mag u dalk nie jammer wees nie!” Neem ook in ag dat enige selle of spiere wat ons liggame nie gebruik nie, geneig is om te kwyn en dood te gaan, tog is die hele brein 'n aktiewe orgaan wat ongeveer een-vyfde van al die energie gebruik wat u liggaam produseer.

Ja, dit is waar dat ons, onder normale omstandighede, die hele brein gebruik wat “vreeslik wonderbaar is” (Psalm 139:14) wat God aan ons gegee het. Baie van die brein se prosesse is egter onbewustelik en werk op hulle beste sonder dat ons daarvan bewus is – hulle benodig nie wat ons gewoonlik aan dink as “hoë intelligensie” nie. In werklikheid kom abnormaal hoë intelligensie dikwels teen 'n prys, soos ons sien in sommige gevalle van outisme en soortgelyke neurolo-

giese versteurings. Gestremdhede kan voorkom wanneer sekere dele van die brein té aktief is, of sonder die nodige inhibisie werk.

Gebruik dit of verloor dit!

Die ware sleutel tot verstandelike ontwikkeling is nie hoeveel van u brein u benut nie, maar hoe goed en hoe dikwels u u brein gebruik! Hoewel ervaring, opleiding, besering of onvermoë ons verstandelike vermoëns kan beperk, kan ons ware potensiaal om te leer, te groei en ons brein met nuttige inligting te vul, veel groter wees as wat die meeste van ons beseft. Ons bereik daardie potensiaal deur harde werk!

Een gevaar van die “10 persent” mite is dat dit **ons** aandag kan **aflei** van **hoe** ons ons brein gebruik – asof “meer” belangriker is as “beter”. God se Woord gee aan ons baie beginsels wat aanmoedig in hierdie verband, soos die apostel Paulus se vermaning: “Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is — watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit” (Filippense 4:8). Gebruik u u brein om uself te **verbeter**? Of **stomp** u u brein **af** deur dwelms

Vervolg op bladsy 26

Die Werke van Sy hande

Ons wiskundige heelal

Deur Wallace G. Smith

Baie mense onthou wiskunde as 'n vak wat hulle op hoërskool gehaat het. Hulle het dit moontlik moeilik of vervelig gevind. Miskien het hulle net gedink dat dit nie belangrik in hulle lewens is nie. Wiskundiges vind wiskunde egter nie net interessant nie, maar ook besonder betekenisvol. Waarom? Wat beteken dit vir Christene?

Van abstrakte tot die werklikhede

Een aantrekkingskrag van suiwer wiskunde wat dit so aanloklik maak, is dat selfs 'n paar van die mees **teoretiese** en **suiwer abstrakte** idees wat wiskundiges “geskep” het op die ou end werklik **fisiese** en **tasbare** aspekte van ons wêreld beskryf.

Byvoorbeeld, toe die Griekse wiskundige Apollonius die kurwes, wat keël deursnee snitte genoem word, bestudeer het, het hy geskryf dat hy sy studie voortgesit het, nie omdat sy resultate nuttig kon wees in sekere toepassings nie, maar eerder omdat “die onderwerp een van daardie is wat lyk asof dit werd is om bestudeer te word **om hulle eie onthalwe**”. Alhoewel Apollonius ingesien het dat sy abstrakte navorsing moontlik praktiese toepassings sou kon hê, het hy **geen idee gehad** dat – byna 2,000 jaar

later – sy bevindings gebruik sou word om presies te beskryf hoe die planeete in ons sonnestelsel om die son wentel nie.

Terwyl die beroemde filosoof René Descartes (bekend vir sy grondstelling, “Ek dink, daarom is ek”) die koördinaatstelsel van meetkunde geskep het, wat die wiskundiges bevry het om in meer hipotetiese dimensies te bereken as net in die drie wat ons ervaar in ons daaglikse lewens, het hy geen idee gehad dat die ses-dimensionele meetkunde eendag perfek weerspieël sou word in die “sidderdans” wat heuningbye uitvoer om aan hulle byeswerm te vertel waar hulle kos gevind het nie.

Drie eeue gelede toe wiskundiges soos Euler en Gauss die wiskundig-absurde idee van “denkbeeldige” vierkantwortels van negatiewe getalle ondersoek het, sou hulle nooit kon droom dat hulle “denkbeeldige getalle” 'n integrale deel van die mees fundamentele wette van fisika wat in ons tyd bekend is sou vorm nie: Kwantummeganika.

Die wonder van wiskunde

Hoe is dit dus dat selfs suiwer wiskunde, wat deur die eeue heen ontwikkel, nagevors en uitgebrei is en geen skynbare verband met die werklikheid het nie, soms geensins abstrak is

nie – maar om eerder deel te wees van die werklike struktuur van ons baie *reële, baie konkrete heelal*?

Sommige mense het hierdie verskynsel al die “wonder van wiskunde genoem”. Die fisikus Eugene Wigner skryf in sy beroemde verhandeling, *The Unreasonable Effectiveness of Mathematics in the Natural Sciences*: “Die groot nut van wiskunde in die natuurwetenskap is iets wat grens aan die geheimsinnige ... daar is geen logiese verduideliking daarvoor nie”. Hy merk verder op: “Die wonder van die toepaslikheid van die taal van wiskunde vir die formulering van die wette van fisika, is 'n wonderlike gawe wat ons nie verstaan of verdien nie”.

Natuurwetenskap alleen kan nie verklaar waarom ons, onderliggend aan die werklikheid rondom ons, so 'n pragtige, geordende en sistematiese grondslag van wiskunde vind nie. Dit is 'n verstommende feit waarvoor wetenskaplikes geen natuurlike verduideliking het nie, hoewel baie al probeer het om dit te verklaar. Dit bly 'n fundamentele geheim van die wetenskap. Stephen Hawking vra in sy baanbrekersboek, *A Brief History of Time*: “Wat is dit wat vuur aanblaas in die vergelykings en 'n heelal maak wat deur hulle beskryf kan word?”

Vingerafdrukke van die Skepper

Die Skrif sê aan ons dat baie van God se wonderlike eienskappe gevind en verstaan kan word in die wonders van Sy skepping (Romeine 1:20). Wanneer ons kyk na die grootsheid van die wonderlike heelal en die ingewikkeldheid van die klein atoom, kan ons nie help om verwonderd te wees oor die kreatiewe mag van die Almagtige God nie. Sy mag is te sien op *alle* gebiede van die wetenskap soos biologie, chemie en fisika – studierigtings wat aan ons weetgierige verstand nie net die vingerafdrukke van 'n groot Skepper openbaar nie, maar ook die beginsel van Sy karakter.

Dit is nie net waar van die fisiese wetenskappe nie, dit is veral waar van wiskunde – die dissipline wat soms “die koningin en dienaar van wetenskap” genoem word. Hoewel die vak herinneringe oproep van skynbaar eindelose rye somme en tafels uit ons kinderjare se skoolwerk, is dit 'n feit dat wiskunde God se wonderbaarlike krag en magtige eienskappe op verrassende maniere kan openbaar. Dit inspireer mense telkens innig en onverwags.

Dink aan 'n uistekend vervaardigde meganiese horlosie. Met die eerste oogopslag is ons verstom deur die gladde bewegings en die reëlmatigheid

van sy werking terwyl dit aandui hoe die minute en ure verbygaan. Wanneer ons egter die dekseltjie van die horlosie oplig en binne-in kyk, neem ons verwondering baie meer toe as ons die ingewikkelde en akkurate interaksie tussen die baie ratjies, spiraaltjies en veertjies sien. Ons kan nie anders as om beïndruk of selfs verbaas te wees oor die vernuf van die ontwerp en die ooglopende intelligensie daaragter nie.

Dit is dieselfde met wiskunde wat 'n werktuig is waarmee ons die “deksel” van die heelal kan oplig. Dit laat ons toe om 'n dieper vlak van fundamentele orde, presiesheid en vernuf te sien – net soos wat ons sou verwag om te sien van 'n kosmos wat deur 'n Skepper van die hoogste intelligensie ontwerp is.

'n Vername Boek

Galileo Galilei, die beroemde sterrekundige, het in sy 1623-verhandeling, *The Assayer*, die heelal as 'n “vername boek” beskryf wat “voortdurend oopstaan sodat ons daarna kan kyk. Die heelal kan egter nie verstaan word tensy 'n mens eers leer om die taal te verstaan en die karakters waarin dit geskryf is te vertolk nie. Dit is geskryf in die taal van die wiskunde”. Wiskunde is inderdaad die taal wat ons begrip ontsluit om die wonder te

verstaan wat ons in die geskape heelal sien en dit vir ons sigbaar maak. Dit gee selfs 'n **dieper** gevoel van verwondering en kragtige insig in die presiesheid en ordelikheid waardeur die *wette* van die Skepping regeer word.

Vir die ateïs of agnostikus mag dit 'n raaiselagtige legkaart wees, maar vir diegene wat aan 'n logiese, rasonale, alwyse en almagtige Skepper glo, is dit geen verrassing nie. Ons lees in die uikers “vername boek” – die Heilige Skrif – dat die Almagtige “die insettinge van hemel en aarde” vasgestel het (Jeremia 33:25) en ons kan sien dat baie van daardie insettinge in die taal van die wiskunde geskryf is. Die filosoof en teoloog, William Lane Craig het opgemerk: “God het die heelal volgens die wiskundige struktuur wat Hy in gedagte gehad het geskape”.

Wanneer ons deur die oë van lewende geloof kyk, wys elke aspek van die werke van God se hande ons op die heerlijkheid en majesteit van ons wonderlike Skepper. Wiskunde is nie die droë, stowwerige en dooie onderwerp wat baie mense glo dit is nie. Inteendeel, dit is 'n **pragtige instrument** – 'n werktuig waardeur ons op 'n merkwaardige en inspirerende manier ons kan verwonder aan die onweerlegbare logika, die meesterlike orde en die perfekte gesondheid van God se goddelike verstand! **WtM**

Vrae & Antwoorde

VRAAG: My vriend se pastoor sê die aartsengel Migael is dieselfde geestelike persoonlikheid as Jesus Christus. Wat sê die Bybel werklik oor die identiteit van Migael en Christus?

ANTWOORD: Sommige denominasies beweer verkeerdlik dat Judas 1:9 na Jesus Christus verwys wanneer hy praat van “die aartsengel” bekend as Migael. Hulle opvatting berus daarop dat die term wat afgelei is van die Griekse *archaggelos* vir “hoofengel”, enkelvoudig is en dus moet verwys na die bestaan van *een* hoogste aartsengel. Hulle verbind dan hierdie vers met 1 Thessalonicense 4:16 – die enigste ander Nuwe-Testamentiese gebruik van *archaggelos* – wat sê: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan”.

Hulle maak dus die verkeerde aanname dat die terugkerende Christus dieselfde geestelike persoonlikheid as die aartsengel Migael is.

Om 'n aartsengel te beskryf as een wat neerdaal “met die stem van 'n aartsengel”, maak omtrent net soveel sin as om 'n man wat sing te beskryf as iemand wat “sing met die stem van 'n man”. Indien daardie sanger se stem, daarenteen, baie kragtiger sou wees as enige bekende stem ver bo menslike begrip, sou dit natuurlik wees om sy krag te vergelyk met die kragtigste stem wat bekend is. Dit is hoe ons Paulus se woorde in 1 Thessalonicense 4:16 ten beste kan verstaan.

Sy engele?

Nog 'n foutiewe argument wat aanvaar word is dat aangesien Openbaring 12:7 beskryf dat Migael en 'n leër van “sy engele” teen Satan (die draak) veg, moet Migael die unieke hoof van daardie weermag wees en is hy dan dieselfde persoonlikheid as Jesus Christus, wat elders deur die Skrif beskryf word as die bevelvoerder van kragtige engele.

Die volgende is ook 'n foutiewe aanname. Elke weermag het range en afdelings, sodat 'n sersant en 'n generaal albei 'n groep soldate “my manne” kan noem. Omdat Migael “sy engele” het, sluit dit nie vir Migael uit om ook een van die engele onder Jesus Christus te wees nie! Dink ook aan die konteks van Migael se oorlog. Die Skrif beskryf Migael wat teen die draak en **sy** engele veg! Ja, Satan het “sy engele” maar hy is nie Jesus Christus

nie! Dit geld ook vir Migael! Satan was eens 'n vors van die engele – eens *volkome* in sy weë (Esegiël 28:14-16)! Sy bestaan as die ligbringer Lucifer, die mōrester (ster is nog 'n term vir *engel* en *boodsAPPER* in Hebreeus), het hom in dieselfde posisie geplaas as 'n magtige *aartsengel* of “gêrub wat beskut”.

Die Skrif maak dit duidelik dat geen engel meer as 'n dienskneg is nie. Engele behoort nie aanbid te word nie (Kolossense 2:18; Openbaring 22:8-9) en is beperk in hulle pligte. Indien Migael en Christus dieselfde wese was, sou ons nie die uiters verskillende maniere kon waarneem van hoe hulle teenoor Satan opgetree het nie. Let op in Judas 1:9 dat Migael geweier het om Satan te bestraf – 'n skille kontras met Christus se skerp teregwysing wat in Lukas 4:8 gegee word!

Let ook daarop dat Judas in Judas 1:1 en 17 Jesus Christus pertinent noem. Op geen manier verbind hy sy verwysing na Migael in vers 9 met enige verwysing na Jesus Christus nie. Hy behandel hulle as twee afsonderlike wesens – wat hulle wel is!

Daardie rots was Christus!

Waar was Jesus Christus dan voordat Hy na die aarde gekom het? Die Skrif verduidelik dat die Woord – die Logos – God was en dat Hy van ewigheid af saam met God die Vader was (Johannes 1:1). Die Woord was nie 'n geskape engel nie. Inteendeel, dit was die Woord – nie God die Vader nie – met wie die antieke Israeliete 'n verbintenis gehad het (1 Korinthiërs 10:4). Jesus Christus het dit baie duidelik aan die Israeliete gemaak dat hulle God die Vader nooit geken het nie – slegs Christus het Hom geken – dit was ook Jesus Christus wat die Vader aan hulle sou bekend maak (Johannes 1:18, 17:25)!

Geen gewone engel kon 'n gepaste offer vir die sondes van die mensdom wees nie. Slegs die ewige goddelike Seun van God, wat ten volle vlees geword het, kon daardie rol vervul. Daardie Seun is Jesus Christus. Die Skrif toon duidelik dat Migael, die aartsengel, 'n geskape wese is wat onder Christus dien. **WVMI**

Profesie neem

'n Wêreld van hebsug!

Baie Bybelse profesieë beskryf spesifieke tekens wat op die wêreldtoneel sal verskyn namate ons die einde van hierdie tydvak nader – die tyd net voor Jesus Christus se wederkoms na hierdie aarde om die Koninkryk van God te vestig. Jesus het aan Sy dissipels gesê om op die uitkyk te wees hiervoor, sodat hulle die tekens van wanneer Sy wederkoms naby is sal herken (Mattheüs 24:32-44).

Baie van hierdie profesieë, wat **baie eeue gelede** geskryf is, neem reg voor ons oë gestalte aan! Die apostel Paulus het geskryf dat “daar **in die laaste dae** swaar tye sal kom. Want die mense sal *liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards ... sonder natuurlike liefde ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God*” (2 Timótheüs 3:1-5). Jesus Christus het diegene gekritiseer wat 'n valse front van geregtigheid voorhou, terwyl hulle dit inderwaarheid vir eie gewin doen. Christus het met een van die godsdienstige leiers van daardie dae gepraat toe Hy hom duidelik daarop gewys het: “Ja, julle Fariseërs, julle maak die buitekant van die beker en die bord skoon, maar van binne is julle vol roof en boosheid” (Lukas 11:39). Hoe algemeen is hierdie gesindheid nie vandag in

besigheid, politiek en verbruikerskultuur nie?

Hebsug is nie goed nie!

Die Tien Gebooie veroordeel hebsug (Exodus 20:17). Salomo het duisende jare gelede gewaarsku dat slegte mense “onregverdige wins” maak (Spreuke 1:10-19). Jesus het die godsdienstige leiers berispe oor hulle skynheiligheid, afpersing en onbeteuelde hebsug (Mattheüs 23:25). Die profete het uitgevaar teen selfsugtige verkryging van materiële dinge: “Wee die wat onreg uitdink ... hulle begeer velde en roof dit; ook huise en neem dit ... Kyk, Ek *bedink onheil* teen hierdie geslag ...” (Miga 2:1-3). Die profeet Amos het God se waarskuwing tot die Israeliete gerig en gesê dat as gevolg van hulle algemene gierigheid, godlose materialisme en uitbuiting van die minderbevoorregtes, sal “Ek die winterhuis saam met die somerhuis tref, en die huise van ivoor sal te gronde gaan, en baie huise sal verdwyn” (Amos 2:6-7, 3:1, 14-15). Amos waarsku Israel se leiers wat in weelde geleef het, terwyl baie ander van veel minder moes lewe: “Kyk, daar sal dae oor julle kom dat hulle julle met hake sal optrek en die wat van julle oor is, met vishoeke. ... en Israel sal sekerlik uit sy land in ballingskap

gaan” (Amos 4:1-3, 5:27, 6:7, 7:11, 17). Die Bybel openbaar dat God in die verlede streng opgetree het teen die goddeloses en gierigaards en Hy sal dit in die toekoms weer doen!

'n Eeue-oue dilemma vandag

Amerikaners is, net soos baie ander mense in die Westerse nasies, verdeeld oor die kwessie van gierigheid. Aan die een kant betreur kommentators soos Bill Moyers en Michael Winship die regering se versuim om menslike hebsug te beperk: “In plaas daarvan om 'n rem te wees vir die weghol korporatiewe mag en hebsug, **bemagtig** die regering hulle om dit te doen” (“*Enabling Greed Makes U.S. Sick*”, *BillMoyers.com*, 20 Mei 2013). Aan die ander kant het die ekonoom Milton Friedman in sy boek *Capitalism and Freedom* opgemerk: “Wat is hebsug? Natuurlik is nie een van ons gierig nie, dit is net die ander persoon wat gierig is. Individue wat hulle eie afsonderlike belange behartig laat die wêreld funksioneer”.

Dit is maklik om die vinger na andere te wys, maar dit is moeiliker om hebsug in 'n mens self raak te sien. Die Amerikaanse kultuur het al oor die hele wêreld versprei en die kultuur van hebsug na ander plekke uitgevoer. Amerikaanse musiek,

gestalte aan

films en televisie propageer voortdurend verbruikers-produkte sowel as die filosofie dat die eindelose verbruik daarvan geluk sal bring – dit het die broeiplek geword van “'n geld-gesinde jeug-kultuur wat onmiddellike bevrediging eis en floreer op oudiovisuele bombardering” (*Why Do People Hate America?* Sadar & Davies, bl. 125). Volgens sommige mense lyk hierdie “wêreldwye weerspieëling van die Amerikaanse invloed ... die *McDonaldisering* van die samelewing ... soos 'n *virus*, 'n besonder patologiese een ... wat homself in die res van die wêreld reproduceer ... en die kulturele liggaam van ander nasies besmet” (*ibid.*, bl. 117-118). Die *globalisering van die gierige, self-gesentreerde verbruik* wat 'n uitvloeisel van Amerika en ander ryk lande is, veroorsaak baie wêreldwye vyandigheid omdat dit tradisionele waardes en kulture ondermyn en vernietig.

Die kulturele historikus Morris Berman beskryf 'n ander kommerwekkende tendens: *Toenemende ongelykheid* waardeur die rykes steeds ryker word, terwyl die armes steeds armer word. Berman merk op dat ons in die afgelope dekades “'n *ongekende herverdeling van inkomste ten gunste van die rykes* gesien het. Wat die on-

gelykheid in rykdom betref, is die Verenigde State die leier onder al die ander groot industriële nasies” (*The Twilight of American Culture*, bl. 21). Sommige uitvoerende beampptes se salaris is nou selfs meer as 400 keer groter as die salaris van die werkers in hulle maatskappye. Finansiële instellings wat voorheen gerespekteer was, streef nou aggressief na gedwonge uitkoping en vyandige oornames van maatskappye. Die hoofde ontvang aansienlike bedrae geld en loop weg met miljoene dollars – terwyl duisende werkers hulle werk en inkomste verloor (*House of Morgan*, Chernow, bl. 690-709).

Die historikus Jim Nelson Black wys daarop dat hierdie selfde maatskaplike en ekonomiese tendense **eeue gelede** reeds teenwoordig was tydens die ondergang van die Romeinse Ryk, net soos in die jare toe die ander magtige ryke begin kwyn het. Antieke skrywers het aangeteken dat “hebsug en eie genot ... behepthed met die luukse” morele verval wat die ondergang van die eens magtige Romeinse Ryk was, verhaas het (*When Nations Die*, bl. 160). Die geskiedskrywers Will en Ariel Durant het 'n *herhalende patroon* in die ophoping en herverdeling van rykdom deur

die eeue heen gesien. Rykdom raak gekonsentreerd in die hande van 'n paar mense en wanneer die verarmde massas die ongelykheid nie langer kan verduur nie, word die rykdom herverdeel – óf deur vreedsame wetgewing, óf deur gewelddadige revolusie. Die Durants het reeds 'n paar dekades gelede geskryf dat “die gaping tussen die rykstes en die armstes *nou groter is* as op enige tydstip sedert die Imperiale plutokratiese Rome” en hulle het 'n voorgevoel gehad dat 'n regstelling binnekort sou kom (*The Lessons of History*, Durant, bl. 55). Meer onlangs het die Franse ekonoom, Jacques Attali gewaarsku dat ons in die komende jare 'n groeiende, bitter en plofbare kloof tussen 'n toenemend rykerwordende kern en 'n toenemend armerwordende buiterand sal sien. Dan sal die verarmde buiterand uiteindelik opstaan teen die ryk kern “in 'n oorlog soos wat nog nie in moderne tye gesien is nie” (*Millennium*, Attali, bl. 14-15).

Vir eeue lank het ekonome **aanvaar** dat menslike redenasie wêreldmarkte kan reguleer. Optimistiese geskiedkundiges het vir die ergste **gevrees**, maar nogtans **gehoop** vir 'n vreedsame herverdeling van rykdom wanneer maatskaplike magte 'n verandering teweeg sou bring. Die Bybel openbaar egter dat die

huidige tendense na 'n **heel ander** uitkoms tydens die hoogtepunt van die mensdom se **eeue van hebsug** sal opbou. Die Skrif openbaar dat God sal toelaat dat ons selfsugtige, verbruikers-obsessiewe, materialistiese samelewings die betreurenswaardige **gevolge sal** maai van dit wat ons gesaai het (Jeremia 2:17-19).

Die Skrif praat van 'n eindtydse godsdienstig-politieke

mag wat slegs kortstondige voorspoed na die wêreld sal bring. Aanvanklik sal gierige sakemanne “ryk [ge]word [het] deur die mag van haar weelderigheid” (Openbaring 18:3). Daardie voorspoed sal egter eindig en dieselfde hebsugtige mense wat ryk geword het deur daardie mag “sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging” (vers 15).

Uiteindelik sal Jesus

Christus **terugkeer** en met 'n “sterk hand” **ingryp** (Psalm 136:12; Openbaring 11:17) om ekonomiese geregtigheid te herstel en 'n einde te maak aan selfsug en hebsug. Eeue van menslike hebsug bou op tot 'n dramatiese hoogtepunt om te onthul dat Bybelse profesieë besig is om *gestalte aan te neem!*

—Douglas S. Winnail

Bou 'n VREUGDEVOLLE huwelik

Daar is werklik “sleutels” en beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het en wat wel tot 'n VREUGDEVOLLE huwelik kan lei.

Sukses in 'n huwelik hang af van ons gewilligheid om hierdie sleutels TOE TE PAS in ons lewens.


Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die sleutels en beginsels vir 'n vreugdevolle huwelik te verkry!

Vervolg vanaf bladsy 20 – Die “Tien persent” mite

en leë vermaak?

God het aan u 'n brein gegee – die orgaan waardeur u verstand funksioneer – Hy verwag ook van u om dit **wys** en **nuttig** te gebruik. Hy het aan u **selfs meer** as dit gegee! God

het ook aan Christene 'n manier gegee waarop hulle die **grense** van die fisiese menslike verstand en brein **kan oorskry**, nie deur menslike inspanning of oppervlakkige belangstelling in die metafisiese nie, maar deur

die gawe van God se Heilige Gees – wat die menslike gees verbind met wysheid wat ontoeganklik is vir die vleeslike mens (1 Korinthiërs 2:10-16). 

Wat is 'n ware Christen?

Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self "Christelik" noem! Tog het hulle almal basiese verskille.

Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

Sex Marriage Support Solidifies Above 50 Percent in U.S., 13 Mei 2013).

Wat behoort Christene te glo? Hoe behoort ons te reageer op hierdie vloedgolf van verandering? Lees gerus dr. Meredith se belangrike artikel elders in hierdie uitgawe: "Wat is verkeerd met dieselfde-geslag huwelike?" Dit sal u help om die waarheid te onderskei van die media se verdraaiings rondom dieselfde-geslag huwelik omstredenheid.

Waarom het ons samelewing so vinnig homoseksuele gedrag as normaal aanvaar en word dieselfde-geslag huwelike nie net verdra nie, maar selfs as wenslik beskou? Soos dr. Meredith in sy artikel uitwys, was daar 'n gesamentlike veldtog deur homoseksuele aktiviste om hulle saak te bevorder. Baie van die samelewing se mees gerespekteerde opinie-vormers, asook die Amerikaanse president Barack Obama, praat nou positief oor dieselfde-geslag huwelike.

Machiavelliaanse [skynheilige] taktieke?

Die jaar 2013 kenmerk die 500ste herdenking van 'n boeiende klein boekie wat die moderne politieke denke gevorm het sedert dit gepubliseer is. In *The Prince*, wat deur die Italiaanse diplomaat Niccolo Machiavelli geskryf is, word etlike sake vir regeerders uiteengesit. Dit word deur sommiges as briljant opgehemel en ander sien dit as sinies en selfs boos. Hoe het

The Prince ons moderne wêreld gevorm? Kan "Machiavelliaanse" [skynheilige] taktieke gevind word in die onlangse druk om dieselfde-geslag huwelike gewettig te kry? Belangriker nog, watter "Prins" het die ware patroon vir 'n suksesvolle regering uiteengesit? Lees Dexter Wakefield se belangrike artikel elders in hierdie uitgawe om meer van hierdie onderwerp te leer.

Wanneer ons dink aan die talle euwels wat ons samelewing bedreig, kan ons maklik moed verloor en moedeloos word. Dit is dus belangriker as ooit tevore dat ons ons oë op die "groot prentjie" gevestig sal hou. Wat is dan die "groot prentjie" vir ons as Christene? Dit beteken dat indien ons die Heilige Gees wat God tydens die doop aan ons gegee het sal gebruik en namate ons ons in gehoorsaamheid aan Christus onderwerp en volhard tot die einde toe (Mattheüs 24:13), sal ons 'n glorieryke beloning ontvang!

Baie mense wat bely dat hulle in Jesus Christus glo, het maar net 'n vae idee van wat na die dood sal gebeur. Sommige meen dat hulle 'n paar jaar in die "Vaevuur" sal deurbring, waar 'n paar klein sondetjies waarvan nog nie bekeer is nie sal wegbrand voordat hulle ingaan in die "saligmakende visie" van God. Ander dink dat hulle vir ewig passief na hulle Verlosser sal staar, of dat hulle net lofliedere op harpe sal speel en die hele dag in die "wolke in die hemel sal rondrol". Baie erken dat hulle eenvoudig geen idee het nie.

Die glorieryke waarheid!

Die waarheid omtrent ons bestemming is nogtans baie wonderliker en ongeloofliker as wat enige een hom dit ooit kan begin voorstel! Soos my artikel "U glorieryke bestemming" in hierdie uitgawe verduidelik, is die uiteindelijke bestemming van vandag se Christene nie net om te regeer onder Jesus Christus in Sy letterlike Koninkryk nie, maar ook om, nadat alle mense 'n geleentheid gebied is om gered te word en hulle oordeel ontvang het, oor "alle dinge" te heers – die ganse heelal – as volkome lede van die Godsgesin. Dit is 'n ontsagwekkende waarheid wat baie min mense verstaan, nogtans staan dit duidelik in die bladsye van u Bybel!

Liewe lesers, ek hoop dat u deeglik sal besin oor elke artikel in hierdie uitgawe. Dit behoort u te bemoedig, te motiveer en te inspireer namate u daarna streef om nader aan God te kom. Indien u u nog nie verbind het tot God deur middel van die Bybelse doop nie en u besef dat u behoort te leef

volgens die waarheid wat duidelik gemaak word in hierdie tydskrif, moedig ek u aan om die streekskantoor die naaste aan u, gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif, te kontak. Ons sal u in verbinding bring met een van ons verteenwoordigers wat u sal raad gee aangaande u toegewydheid aan ons Verlosser. Niks kan belangriker wees as u roeping as een van God se "eersteling" in hierdie tydperk nie.

Ongelukkig kan ons duidelik sien wanneer ons na die wêreld rondom ons kyk, dat dit werklik relatief min mense is wat in hierdie huidige tydperk geroep word. Indien u die Waarheid ontvang het, hou met alle mag daaraan vas (Openbaring 3:11). Indien u een van die min mense is wat God roep om Sy Waarheid te verstaan, moet u nie uitstel nie – reageer nou op die Waarheid wat u begin verstaan!

Richard F. Ames

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehoopmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**